

21 Junie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13

Fokusgedeelte: DL, VD 2:7

Selfs die uitverkorenes het Jesus nodig!

Die dwaalleraars het verkondig dat die uitverkorenes Jesus nie nodig het nie: "Christus kon en moes nie vir hulle gesterf het vir wie God volkome liefgehad en tot die ewige lewe uitverkies het nie. Inderdaad het Hy ook nie vir hulle gesterf nie, omdat sulke mense die dood van Christus nie nodig gehad het nie." Die Sinode het hierdie dwaling verwerp, want selfs die uitverkorenes kan nie sonder Jesus se soenverdienste gered word nie.

Paulus skryf vir Timoteus (vers 10): "Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang." Die verlossing wat die uitverkorenes ontvang is die verlossing wat daar in Christus Jesus is. Daar is geen ander verlossing nie. Ook nie vir die uitverkorenes nie. Die uitverkorenes is juis in Christus uitverkies, dit wil sê, uitverkies om deur Christus verlos te word!

Die leer van die dwaalleraars sê dus eintlik: Daar is twee maniere om verlos te word: óf deurdat God jou uitverkies het, óf deurdat Jesus jou verlos het. Die Bybel sê egter dat daar net een manier is en dit is om deur Jesus verlos te word. Hierdie verlossing, sê die Bybel, is egter nie vir almal nie, maar net vir die uitverkorenes.

Paulus het sy lewe aan die verkondiging van hierdie evangelie gewy en baie ontberings deurgemaak, sodat dié wat uitverkies is die blye boodskap kon hoor en hulle "die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang" (vers 10). Daar is vandag nog uitverkorenes wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Hoe werk jy mee om die verlossing wat daar in Christus Jesus is tot by hulle te bring? Watter opofferings is jy bereid om te maak en watter ontberings is jy bereid om daarvoor te verdra?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~